Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID- AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.
   4.2 Die ander vraag (DERDE) kan of 'n opstelvraag of brongebaseerde vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.


Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE (COSAS) APARTHEID IN DIE 1980's TEENGESTAAN?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Waaraan, volgens die bron, het COSAS hom aan toegewy? (2 x 1) (2)

1.1.2 Noem TWEE verklarings van oortuigings wat COSAS aangeneem het. (2 x 1) (2)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom COSAS die tema, 'Studente-werker Aksie' aangeneem het. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar oor waarom jy dink die inligting in die bron bruikbaar sal wees, wanneer jy die redes vir die stigting van COSAS bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Watter tipe weerstandstaktieke is volgens die bron, onder die vaandel van COSAS uitgevoer? (2 x 1) (2)

1.2.2 Wat dink jy was die skoolgebaseerde kwessies wat tot die skoolboikotte gelei het? (2 x 2) (4)

1.2.3 Definieer die term *boikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor wat COSAS bedoel het met die slagspreuk: 'Bevryding voor Opvoeding.' (2 x 2) (4)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Watter boodskappe word in hierdie plakkaat oorgedra oor die redes vir die eise wat deur COSAS gestel word? (2 x 2) (4)

1.3.2 Noem enige TWEE sprekers by hierdie konferensie soos op die plakkaat aangedui. (2 x 1) (2)

1.4 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun rakende die rol wat COSAS in die weerstand teen apartheid gespeel het. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Waarom, volgens die bron, is Mogale gearresteer? (1 x 2) (2)

1.5.2 Noem TWEE gevolge wat die staatsonderdrukking op studente gehad het. (2 x 1) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar op wat die COSAS-spreker geïmpliseer het met die volgende stelling: "Ons sal in aksie bewys dat Bantoe-onderwys boos is. Ons sal daarteen in opstand kom totdat dit heeltemal geskrap is, op die rommel-asblik van geskiedenis gestort en eens en vir altyd begrawe is." (2 x 2) (4)

1.5.4 Verduidelik die begrip *noodtoestand* in die konteks van die regering se reaksie op die studente-opstande. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde), waarin jy verduidelik hoe COSAS die apartheidsregering gedurende die 1980's teengestaan het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDE VAN DIE GUGULETHU SEWE GEHANTEER?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Watter voorval in die bron toon 'n eskalasie (toename) in gewapende aanvalle deur MK-operateurs? (1 x 1) (1)

2.1.2 Identifiseer DRIE askaris, volgens die bron, wat deur generaal-majoor Griebnouw na die Wes-Kaap ontplooi is om die Gugulethu Sewe te infiltreer. (3 x 1) (3)

2.1.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink generaal-majoor Griebnouw die hulp van Vlakplaas ontbied het. (2 x 2) (4)

2.1.4 Definieer die term *askari* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.5 In die konteks van die moord op die Gugulethu Sewe, lewer kommentaar op die volgende stelling oor die houding van die polisie: "Almal het talle skietwonde aan hul liggame opgedoen: almal is in die kop geskiet: een se helfte van sy gesig was weggeblaas." (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Noem die TWEE polisiebeamptes, soos aangehaal in die bron, wat aansoek om amnestie vir die dood van die Gugulethu Sewe gedoen het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Hoekom, volgens Mbelo, sou dit maklik gewees het om die Gugulethu Sewe in hegtenis te neem? (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar oor waarom jy dink die WVK amnestie aan Mbelo toegestaan het. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die WVK-verhore bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Watter boodskappe word in hierdie spotprent oor die doelstellings van die WVK oorgedra? (2 x 2) (4)

2.3.2 Identifiseer die leier van die WVK wat die proses gelei het. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C met betrekking tot die werk van die WVK ondersteun. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Noem die TWEE politieke aktiviste in die bron wat in 1985 deur die polisie vermoor is. (2 x 1) (2)

2.5.2 Verduidelik wat Nomvewu Ngewu in haar verklaring bedoel het: "Ons wil nie die euwel wat oortreders gepleeg het aan die nasie terugbring nie. Ons wil menslikheid teenoor hulle toon, sodat dit weer hul eie menslikheid kan herstel." (2 x 2) (4)

2.5.3 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde), waarin jy verduidelik hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) die moorde op die Gugulethu Sewe gehanteer het. (8)

**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE EKONOMIE VAN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die begrip *globalisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, het die pas van globalisering die afgelope paar jare toegeneem? (2 x 1) (2)

3.1.3 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui hoe besighede by globalisering gebaat het. (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar oor wat, jy dink, geïmpliseer word deur: "Die klerebedryf in Bangladesj het byvoorbeeld na raming vier miljoen mense in diens, maar die gemiddelde werker verdien minder in 'n maand as 'n Amerikaanse werker in 'n dag." (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom die trekarbeiders en hongerloon fabriekswerkers die protesaksie teen globalisering ondersteun het. (2 x 2) (4)

3.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat sommige betogers kundig/bewus was van die aktiwiteite van die Wêreldhandelsorganisasie. (2 x 1) (2)

3.2.3 Wat was die TWEE kwessies volgens die bron waarmee betogers ontevrede was, ten opsigte van die werksaamhede van die Wêreldhandelsorganisasie. (2 x 1) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die beperkings van die bron vir 'n historikus wat die rol van die WHO in globalisasie, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe dra hierdie spotprent aangaande globalisasie oor? (2 x 2) (4)

3.3.2 Watter impak, volgens die bron, het die verskuiwing van produksie op die VSA gehad? (1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, het multi-nasionale maatskappye besluit om hul vervaardigingsaanlegte in oorsese lande te vestig? (2 x 1) (2)

3.4.2 Definieer die term *multi-nasionale korporasies* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis, en verduidelik hoe die multi-nasionale maatskappye gewone mense in ontwikkelende lande benadeel het. (2 x 2) (4)

3.4.4 Verduidelik hoe multi-nasionale maatskappye deur globalisasie bevoordeel was. (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3D ondersteun aangaande die impak wat globalisering op ontwikkelende lande het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde), waarin verduidelik hoe globalisasie die ekonomieë van ontwikkelende lande beïnvloed. (8)

**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Dit was deur die invloed van die Swartbewussynbeweging (SBB) dat swart Suid-Afrikaners in staat was om teen die apartheidsregering in die 1970's op te staan.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

Die toegewydheid en vasberadenheid van verskeie politieke leiers en partye het uiteindelik gelei tot die beëindiging van apartheid, en die vestiging van 'n demokratiese Suid-Afrika.

Bespreek hierdie stelling krities. Motiveer jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate die ineenstorting van kommunisme beide die ANC en die NP help besef dat die enigste oplossing in Suid-Afrika was om te onderhandel.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## VRAAG 1: HOE HET DIE KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE (COSAS) APARTHEID IN DIE 1980's TEENGESTAAN?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op die doelstellings van die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) gestig by ŉ konferensie wat van 30 Junie tot 1 Julie by Wilgespruit, naby Roodepoort in 1979 gehou is.

Die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) het hom daaraan gewy om sy lede oor die geskiedenis en stryd van die 'verdruktes' in te lig. Ephrahim Mogale, die organisasie se eerste president, het ŉ leidende rol in hierdie opsig gespeel. COSAS het hom ook aan die beginsels van nie-rassisme en demokrasie toegewy.

Die organisasie se hoofdoelwitte was die bewusmaking van studente en die breër gemeenskap aan die onderdrukkende aard van onderwys in Suid-Afrika, en om deel te neem in die opstel van ŉ opvoedkundige handves vir ŉ toekomstige, nie-rassige demokratiese onderwysstelsel. Om hul verbintenis tot onderwys te wys en hul boodskap gewild te maak, het COSAS die 'Education Charter-veldtog' van stapel gestuur. Die handves het die onderwysbeginsels in die Vryheidshandves beaam. Die mening was dat ŉ demokratiese onderwysstelsel slegs bereik kan word in ŉ demokratiese samelewing wat op die wil van al die mense gebaseer is. Dit het erken dat Bantoe-onderwys daarop gemik was om die jeug te beheer en te indoktrineer en dat dit slegs verander kan word deur die land se hele politieke stelsel te transformeer. Alhoewel dit hoofsaaklik op onderwys gefokus was, het COSAS die verband tussen opvoedkundige en sosiale transformasie in sy verklaring van oortuigings geïdentifiseer:

- Studente moet deur demokratiese verkose SVR'e georganiseer word
- Studente moet die gemeenskap dien ...
- Die plig van die studente was om ondersteuning aan vakbond- en gemeenskapsorganisasies te verleen

In 1982 het COSAS die tema 'Student-werker Aksie' aangeneem en die vorming bevorder van jeugkongresse om die belange van jong werkers en werklose jeug te dien. Dit het samewerking tussen skoolleerlinge, jong werkers en die werklose jeug meegebring.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/congress-south-african-students-cosas. Toegang op 6 Januarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 1B

Die bron hieronder verduidelik die aktiwiteite wat COSAS aangepak het om die onregverdige stelsel van apartheid in die 1980's teen te staan.

In sy vroeë jare het COSAS op opvoedkundige kwessies gefokus, maar met sy alliansie met die UDF, het die studente teen die einde van 1984 eise gestel oor opvoedkundige sowel as politieke kwessies. Deur die 1980's het studente onder die vaandel van COSAS 'n verskeidenheid versettaktieke soos boikotte, stakings, onderhandelings en eise neergelê.

COSAS, wat op die krisis in onderwys in skole gefokus het, het ten doel gehad om teen Bantoe-onderwys te veg en om verhoudings tussen leerlinge, onderwysers en ouers te normaliseer, wat aansienlik sedert die skoolboikotte in die laat 1970's verbrokkel het. Die boikotte het in bruin skole in die Wes-Kaap begin, maar het vinnig deur die land versprei weens skoolgebaseerde kwessies. Teen 1985, het skoolboikotte skole onwerkbaar en onregeerbaar gemaak en het die ineenstorting van die Swart Plaaslike Owerhede in die townships gesien. Hul slagspreuk, 'Bevryding voor Onderwys' het tot chaos regoor die land gelei, wat daartoe gelei het dat die Nasionale Onderwyskrisiskomitee (NECC) in 1986 gevorm is. Daar was ook betogings in die landelike gebiede tussen 1985 en 1986. Massavergaderings het 'n gereelde kenmerk van die boikotte geword. COSAS het hom ook vir demokratiese verkose SVR'e beywer.

Talle ander betogings en boikotte is deur COSAS geloods. 'n Veldtog teen Republiekdag, gesentreer rondom die slagspreuk, 'Voorwaarts na 'n Volksrepubliek' is in 1981 georganiseer. 'n Nasionale boikot van Wilson Rowntree en Fattis en Monis-produkte is uitgeroep in simpatie met die behandeling van werkers by hierdie fabrieke. Dit was egter gebeure in die Vaalstreek wat studenteprotes verander het en deel gemaak het van 'n groot politieke stryd. Om verhooging van huur- en dienskoste teen te staan, is 'n wegblyaksie in die Vaal deur meer as 20 000 studente en inwoners ondersteun. Skoolkwessies was nou aan die breër politieke stryd teen apartheid en kapitalisme gekoppel.

[Uit https:/karibu.org.za/from – Soweto-to-democracy/htm. Toegang op 7 Januarie 2024 verkry.]


Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Hierdie is ŉ plakkaat wat deur COSAS-lede in 1985 by die Screen Training Project in Johannesburg geskep is ter voorbereiding van ŉ massavergadering. Hierdie plakkaat bestaan uit die gesig van wyle Bongani Khumalo, ŉ student wat in 1984 vermoor is. COSAS het sy gesig op die regter boonste kant van hierdie plakkaat geplaas om hul stryd teen apartheidsonderwys te ondersteun.




[Uit https://www.saha.org.za/imagesofdefiance/forward with democratic srcs down with apartheid education.htm. Toegang op 7 Januarie 2024 verkry.]

**Voorwaarts met demokratiese SVR'e** **Beëindig apartheidsopvoeding**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1D**

Die bron hieronder verduidelik hoe die regering probeer het om die aktiwiteite van COSAS te onderdruk en hoe studente op hierdie maatreëls gereageer het. Die uittreksel is geneem uit 'n proefskrif, *Studenteorganisasie en Politieke weerstand: 'n Analise van die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente, 1979–1985* deur T. Matona, Februarie 1992.

COSAS het 'n jaar lank nie bestaan nie voordat die hele korps nasionale leiers en baie lede gearresteer is. Mogale is daarvan beskuldig dat hy die doelwitte (oogmerke) van die ANC en SAKP bevorder, en is op Robbeneiland gevange geneem.

Regdeur 1985 het die boikotte die normale funksionering van townshipskole wyd ontwrig. 'n Nasionale massabeweging van studente onder leiding van COSAS het ook 'n nasionale politieke stryd gelei wat in 'n krisis ontwikkel het. In hierdie konteks het die staat sy poging tot onderdrukking verskerp. Dit het baie studente, insluitend COSAS-lede, dood, beseer of aangehou gelaat. Alhoewel die regering klasboikotte verbied het, het honderde skole regoor die land leeg gebly.

Weerstand en onderdrukking in skole het 'n algemene patroon van polisie-optrede en aanhoudings op vreedsame boikotte tot gevolg gehad. Dit het die boikotte aangespoor, met die eise vir die vrylating van medestudente. Verdere polisie-optrede het die konflik ge-eskaleer en begrafnisse en herdenkings van diegene wat gesterf het, het belangrike plekke van weerstand geword. By die begrafnis van 'n 15-jarige student wat vermoor is, toe die polisie gebots het met leerlinge wat klasse boikot omdat hulle onder meer die opheffing van die ouderdombeperkingswet en die reg om Studenterade (SR'e) te stig, geëis het, was deur meer as 10 000 studente bygewoon. Die COSAS-spreker by die begrafnis het gesê: "Ons sal in aksie bewys dat Bantoe-onderrig boos is. Ons sal daarteen in opstand kom totdat dit heeltemal geskrap is, op die rommel-asblik van die geskiedenis gestort en eens en vir altyd begrawe is."

Uiteindelik is COSAS in die middel van 1985 verbied aangesien die noodtoestand deur die Suid-Afrikaanse regering afgekondig is. Terwyl die COSAS-organisasie geraak is, het studentemobilisering te kragtig geword om in bedwang te hou.

[Uit *Student organisation and Political resistance: An analysis of the Congress of South African Students, 1979 –1985* deur T. Matona]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDE VAN DIE GUGULETHU SEWE GEHANTEER?

### BRON 2A

Die bron hieronder fokus op hoe die Suid-Afrikaanse polisie daarin geslaag het om die Gugulethu Sewe in 1985 te infiltreer.

Gedurende 1985 was daar ŉ dramatiese eskalasie in gewapende aanvalle deur MK-operateurs, insluitend ŉ handgranaataanval op veiligheidsmagte in Augustus wat ongevalle tot gevolg gehad het. Dit het daartoe gelei dat generaal-majoor Griebenouw van die Wes-Kaapse veiligheidspolisie die bystand van Vlakplaas versoek het. Vlakplaas-bevelvoerder Eugene de Kock het sekere Vlakplaas-personeel ontplooi (georganiseer) insluitend Joe Coetzer, Riaan Bellingan en verskeie askaris, insluitend Gladstone Moss, Eric 'Shakes' Maluleke en Xola Frank 'Jimmy' Mbane.

Die askaris is deur lede van die veiligheidspolisie ingelig. Hulle is foto's gewys van sommige aktiviste in Gugulethu wat na bewering 'gevaarlike terroriste' is. Na ŉ onsuksesvolle poging om Mbelo (ŉ askari) in ŉ groep in Gugulethu te infiltreer, is Jimmy en Eric Maluleke ingestuur. Hulle het wapens en granate gekry en het by die huis van die plakkersleier 'Yamile' aangekom en beweer dat hulle bevelvoerders uit ballingskap is. As bewys, het hulle het ŉ versteekte paneel in die minibus oopgemaak, en hul gewere gewys. Yamile het die askaris geglo en, nadat hy hulle aan Christopher 'Rasta' Piet, voorgestel het. Hulle het gou die kern van die groep gehad, wat as die 'Gugulethu Sewe' bekend geword het.

Op 3 Maart 1986, kort na 07h00, is sewe mans van tussen sestien en drie-en-twintig jaar in Gugulethu doodgeskiet. Almal het talle skietwonde aan hul liggame opgedoen: almal is in die kop geskiet: een het die helfte van sy gesig weggeblaas gehad.

[Uit https://sabctrc.saha.org.za/reports/volume3/chapter5/subsection35.htm. Toegang op 7 Januarie 2024 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die volgende is deel van getuienisse wat Thapelo Mbele en Rian Bellingan by die Waarheid-en-Versoeningskommissie-verhoor in Kaapstad op 18 November 1997 gelewer het.

Een van die sleutelgetuies in die 'Gugulethu Sewe'-saak was dié van Thapelo Johannes Mbelo, 'n lid van die veiligheidstak. Mbelo het in sy beëdigde verklaring gesê as die polisie die groep wou arresteer, sou dit maklik gewees het want die askaris kon die polisie gewys het waar om hulle te kry. Hy het aan die komitee beskryf hoe die polisiebeamptes op die vergadering opdrag gekry het om sekere posisies op die toneel van die beplande aanval op die minibus in te neem.

Nadat die aanval nie plaasgevind het nie, en hulle besig was om te onttrek en uiteen te gaan, het hy van die verdagtes op die sypaadjie opgemerk. Aangesien hy gedink het hulle was daarop ingestel om polisiemanne aan te val, het hy hierdie inligting aan sy kollegas per radio oorgedra. Die skietery het kort daarna begin. Hy het gesien hoe een van die verdagtes, Christopher Piet, met 'n geweer hardloop en skiet. Mbelo sê hy het gesien hoe Piet geskiet word en op die grond val, hoewel hy nie kon sien wie hom geskiet het nie. Nadat hy die voertuig gestop het, het hy gery, het Mbelo gesê 'n aanvaller het met sy hande in die lug na hom gekom en in Xhosa gesê hy sal die polisie wys waar die ander is. Nadat die man egter ontwapen is, het 'n sersant van die onlustegroep hom beveel om die man te skiet, wat hy gedoen het, en hom in die kop geskiet het.

Mbelo het aan die komitee gesê hy het gesien hoe Bellingan, sy destydse bevelvoerder, 'n ander verdagte op die toneel uit 'n voertuig trek en hom twee keer geskiet het. Mbelo, wat die families van die oorledene gevra het om hom te vergewe en aangebied het om hulle een vir een te ontmoet om verskoning te vra.

Intussen ontken Bellingan die meeste van Mbelo se getuienis. Hy het gesê die operasie het nie volgens die plan verloop om die oortreders in hegtenis te neem toe hulle na die polisiepersoneel-minibus beweeg het nie. Hy het volgehou dit was nie moontlik om die groep in hegtenis te neem nie omdat hulle aanhou van plek tot plek beweeg het. Hy het egter volle verantwoordelikheid vir die dood van die sewe aanvaar.

[Uit https://www.justice.gov.za/trc/hrvtrans/heide/ct00100.htm. Toegang op 4 Maart 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Dit is 'n spotprent deur Zapiro wat kommentaar lewer oor die prestasies van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) in Julie 1998.




[Uit Zapiro, *End of Part One* deur J. Shapiro]

**WAARHEID** **JY IS HIER** **NA REKONSILIASIE**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Die volgende is uittreksels van twee getuienisse van die moeders van die Gugulethu Sewe. Cynthia Nomvewu Ngewu, die ma van Christopher 'Rasta' Piet en Notrose Konile, die ma van Zabonke John Konile by die Waarheid-en-Versoeningskommissie se verhore op 27 November 1996.

Piet se ma, Cynthia Nomveyu Ngewu, het in haar getuienis van 27 November 1996 aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie se growwe Menseregteskendings-komitee gesê die verhore in die hof was sy mee ontevrede oor en sy kon nie die taal verstaan wat gepraat word nie; die verrigtinge was in Afrikaans.

Ngewu het gesê sy moes sien hoe haar dooie seun op televisie met ŉ tou om sy middel gesleep word. Hulle het hom uit die bakkie gesleep. Die polisie het aan haar gesê haar seun het op die polisie geskiet en hulle het later tot by haar huis gekom om wapens te soek. Sy het gesê hulle is aangesê om hul seuns dadelik te begrawe, maar hul prokureurs het hulle aangeraai om hulle te begrawe op die tyd wat hulle wil. Na ŉ lang tyd en reeds hiervan vergeet het, was hulle meegedeel dat daar ŉ geregtelike doodsondersoek by Wynberg gaan wees. Hulle is meegedeel dat Christopher deur Barnard en Coetzee geskiet is. Sy het gesê gedurende die tyd toe al hierdie gebeure, gebeur het, was sy te swak. Sy was vol haat as gevolg van die manier waarop haar seun vermoor is. Ngewu het later haar vergifnis en versoenende oortuigings oor haar seun se dood uitgespreek. "Ons wil nie die euwel (kwaad) wat oortreders aan die nasie gepleeg het, terugbring nie. Ons wil menslikheid teenoor hulle demonstreer sodat hulle op hul beurt hul eie menslikheid kan herstel."

Mev. Konile het haar getuienis begin deur ses keer binne vyf sekondes swaar te sug en gesê: "Ek is so moeg – ek is so moeg nog voor hierdie proses waaroor ek reeds wanhoop het. Ek sal nie met hulle kan praat nie, dit is hulle skuld dat ek nou in hierdie ellende is, ek nie weet wat om met hulle te maak nie. Ek kan nooit vir hulle sê wat om te doen nie. Ek het net alles prysgegee. Ek wil nie lieg nie, ek het hulle nie vergewe nie."

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie het die Suid-Afrikaanse polisie, Rian Bellingan, Thapelo Mbelo en Xola Frank 'Jimmy' Mbane amnestie vir die moorde toegestaan.

[Uit www.sabctrc.saha.org.za. Toegang op 8 Januarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE EKONOMIE VAN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die bron hieronder fokus op die nadele van globalisering vir die ontwikkelende lande.

In ekonomie kan globalisering gedefinieer word as die proses waarin besighede, organisasies en lande op ŉ internasionale skaal begin funksioneer. Die tempo van globalisering het die afgelope paar jaar toegeneem, ŉ gevolg van vinnige vooruitgang in kommunikasie en vervoer. Vooruitgang in kommunikasie stel besighede in staat om geleenthede vir belegging te identifiseer. Terselfdertyd, innovasies in inligtingstegnologie onmiddellike kommunikasie en die vinnige oordrag van finansiële bates oor nasionale grense moontlik te maak.

Globalisering bied aan besighede ŉ mededingende voordeel deur hulle toe te laat om grondstowwe te verkry waar dit goedkoop is. Globalisering gee ook aan organisasies die geleentheid om voordeel te trek uit laer arbeidskoste in ontwikkelende lande, terwyl hulle die tegniese kundigheid en ervaring van meer ontwikkelde ekonomieë benut. Met globalisering kan verskillende dele van ŉ produk in verskillende streke van die wêreld gemaak word.

Nie alles oor globalisering is voordelig nie. Enige verandering het wenners en verloorders, en die mense wat in gemeenskappe woon wat afhanklik was van werk wat elders uitgekontrakteer is, ly dikwels. Dit beteken effektief dat werkers in die ontwikkelde wêreld met laerkostemarkte vir werk moet meeding.

Die situasie is meer kompleks in die ontwikkelende wêreld, waar ekonomieë vinnig verander. Inderdaad, die werksomstandighede van mense op sommige punte in die voorsieningsketting is betreurenswaardig (onaanvaarbaar). Die klerebedryf in Bangladesj het byvoorbeeld na raming vier miljoen mense in diens, maar die gemiddelde werker verdien minder in ŉ maand as wat ŉ Amerikaanse werker in ŉ dag verdien.

[Uit https://education.nationalgeographic.org/resource/effects-economic-globalization. Toegang op 11 Maart 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3B**

Die bron hieronder is geskryf deur ŉ lid van die Anti-Globalisering Beweging. Dit fokus op die rol wat die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) ten opsigte van globalisering gespeel het.

Met die herhalende sang van: "Hey, hey, ho, ho, die WTO moet gaan!" en "Die mense verenig, ons sal nooit verdeeld wees nie,!" het die Weerstandsfees begin ... gevolg deur die lewendige samevoeging van tromslaners en fluitspelers wat met die ritme afskop.

ŉ Inspirerende, passievolle werkersklaskoalisie van die mees onwaarskynlike individue was besig om in die strate van Seattle te vergader om hul sterk ontevredenheid teenoor ŉ gemeenskaplike vyand te lig; die vernietigende korporatiewe regulering van die Wêreldhandelsorganisasie ... die WHO.

Die betogers het bestaan uit onder andere, vakbondstaalwerkers en hul gesinne, omgewingsbewustes, ou hippies, kollegestudente, oumas, migante-/trekwerkers van Mexiko, Tibettaanse monnike, werkers van die 'Pacific Rim sweatshops' (fabriekswerkers wat lae lone verdien het, en wat lang ure onder swak werksomstandighede gewerk het). Die diereregte-aktiviste het as seeskilpaaie aangetrek, en daar was ook ŉ paar wilde, mal nonne. Wat ŉ fees!

Hierdie pragtige mengelmoes van mense was ook baie goed opgevoed en ingelig oor die kwessies rakende die aktiwiteite van die WHO. Hulle het hul huiswerk gedoen. Vir die afgelope vier dae wat ek in Seattle was, en verskeie weke voor dit, is verskeie werkswinkels en seminare oor ŉ verskeidenheid nasionale en internasionale kwessies by die plaaslike gemeenskapsale en kerke gehou.

Kwessies wat bespreek is, het gewissel van die produksie van geneties-gemanipuleerde voedsel; die hongerloonfabrieke in Indonesië, Pakistan, Mexiko en die Filippyne; die duidelike uitroeiing (afkapping) van woude; dierebeskermingswette; beeshormone; vergiftigde lug, water en grond; die verlies van Amerikaanse werkers se werk aan oorsese markte (ek sal slawearbeid goedkoper noem); ... Die primêre agenda van die WHO het basies bestaan uit die verkragting van die planeet en die uitbuiting van die werkers deur ŉ paar multinasionale maatskappye se uitvoerende hoofde en groot aandeelhouers, in die naam van blatante gierigheid en mag, behels. Dan wonder hulle hoekom so baie mense in die straat opgedaag het om hulle teen te staan?

[Uit http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/. Toegang op 11 Maart 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Hierdie is ’n spotprent deur ’n onbekende spotprenttekenaar wat die verskuiwing van produksie van die VSA na laeloonlande (Indonesië) kritiseer.




[Uit https//www.pinterest.de/pin/366128644678749632/. Toegang op 11 March 2024 verkry.]

**BAIE WERK**

**GEEN WERK**

**GEEN SKOENE**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder beklemtoon die impak wat die multinasionale maatskappye op die lewens van gewone mense in ontwikkelende lande gehad het.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is meer en meer globale produksie, deur grootmaatskappye wat oor grense heen werk, uitgevoer. Multinasionale maatskappye het wêreldwyd toegeneem deur hul vervaardigingsaanlegte in die buiteland te vestig, sodat hulle op goedkoper arbeidskoste kan kapitaliseer of om nader aan hul markte te wees. Maatskappye het magtiger as baie nasionale state geword.

Alhoewel hulle broodnodige buitelandse beleggings na ontwikkelende lande gebring het, het hierdie maatskappye dikwels winste voor die regte van werkers, of die lande waarin hulle geleë is, gestel. Supermarkte in ontwikkelde lande het wêreldwye kettingwinkels geskep en goedkoop produkte van regoor die wêreld verseker. Maar die mense wat die produk verbou het, is op die pryse wat hulle van die multinasionale maatskappye kry afhanklik, wat in die meeste gevalle in die laaste paar dekades aansienlik gedaal het. Dit ontneem hul vermoë om ʼn basiese lewenstandaard aan hul gesinne te verskaf.

Die probleem is nie dat internasionale handel eintlik teen die behoeftes en belange van die armes is nie, maar dat die reëls wat handeldryf reguleer, ten gunste van die ryk lande vasgestel is. Vir arm mense om voordeel uit wêreldwye handel te trek, moet die reëls hervorm word sodat hulle armes, op nasionale en internasionale markte, regverdige toegang bied.

[Uit http://www.youth deved.ie/issues/globalisation_and_trade. Toegang op 11 Maart 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

http//wwwdeved.youth .ie/issues/globalisation_and_trade

https:/karibu.org.za/from – Soweto-to-democracy/htm

http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/.

https//www.pinterest.de/pin/366128644678749632/

h*ttps://education.nationalgeographic.org/resource/effects-economic-globalization/*

https://www.justice.gov.za/trc/hrvtrans/heide/ct00100.htm

https://www.saha.org.za/imagesofdefiance/forward with democratic srcs down with apartheid_education.htm

https://www.sahistory.org.za/article/congress-south-african-students-cosas

https:/karibu.org.za/from – Soweto-to-democracy/htm

Shapiro, J., 1998 Zapiro *End of Part One*, 1st ed, Cape Town, David Phillip Publishers

Maona, T. 1992, *Student organisation and Political resistance: An analysis of the Congress of South African Students*, 1979 -1985

www.sabctrc.saha.org.za

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


Hosted by www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

____________ . ____________________________ . ____________________

__________________ . ____________________________ . ____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | }26–27 |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

- Sommige weglating in die inhoudsdekking
- Poog om 'n argument te handhaaf.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE (COSAS) APARTHEID IN DIE 1980's TEENGESTAAN?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'om sy lede in te lig oor die geskiedenis en stryd van die "verdruktes". '
- 'tot die beginsels van nie-rassisme en demokrasie' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Studente moet deur demokraties verkose SVR'e' georganiseer word
- 'Studente moet die gemeenskap dien ...'
- 'Die plig van die studente was om ondersteuning aan vakbond- en gemeenskapsorganisasies te verleen' (Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Beide studente en werkers het onder die wette van apartheid gely
- Saam sal hulle veldtogte teen die apartheidsregime loods
- COSAS kan noodsaaklike ondersteuning aan stakende werkers en die gemeenskap bied
- Saam sou hulle 'n sterker krag word wat tot die ondergang van apartheid sal lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1A – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Om die vakuum te vul aangesien ander studente-organisasies verbied is
- Om studente polities bewus te maak
- Om weerstand te bied teen die Bantoe-onderwysstelsel wat deur apartheid afgedwing is
- Om studente te organiseer om hul rol te speel om apartheid te weerstaan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Boikotte'
- 'Stakings'
- 'Onderhandelings'
- 'Eise neergelê' (Enige 2 x 1) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Skole was swak toegerus
- Tekort aan gekwalifiseerde onderwysers
- Die gebruik van lyfstraf
- Teenwoordigheid van polisie in skole
- Onderwysers wat polities bewus was, is afgedank
- Om minderwaardige onderwys te kry
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1B – V1]*
- Doelbewuste weiering om produkte/goedere te koop
- Weiering om met 'n persoon of organisasie te handel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Studente was bereid om hul opvoeding op te offer om vir vryheid te veg
- Studente was bereid om vir 'n demokratiese Suid-Afrika te veg
- Gratis en gelyke onderwys sal slegs verkry word as die politieke stelsel van Suid-Afrika verander word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dui aan dat COSAS gelyke onderwysgeleenthede wou hê
- COSAS wou hê Bantoe Onderwys moet beëindig word
- Sprekers wat genooi is, dui ook aan dat COSAS ook gekonsentreer het op politieke eise vir 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika
- Die dood van hul medestudente het gedien as 'n motivering om nie die stryd teen apartheid prys te gee nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Biskop Tutu'
- 'Terror Lekota'
- 'Cedric Kekana'
- 'Alex Rapodile' (Enige 2 x 1) (2)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C – V3]*
- Bron 1B dui aan dat COSAS gepoog het om teen Bantoe-onderwys te veg en Bron 1C toon dat COSAS Bantoe-onderwys verwerp het
- Bron 1B dui aan dat skoolkwessies nou gekoppel is aan politieke eise teen apartheid en Bron 1C toon dat sprekers van verskillende organisasies as sprekers na die vergadering genooi is.
- Beide bronne verwys na COSAS-eise vir demokratiese verkose SVR'e
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Beskuldig van die bevordering van die doelwitte (oogmerke) van die ANC en SAKP' (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Dood'
- 'Beseer'
- 'Aangehou' (Enige 2 x 1) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- COSAS het belowe om Bantoe-onderwys teen te staan
- Dit sal veldtogte begin om die Bantoe-onderwysstelsel te beëindig
- COSAS sal nie sy weerstand teen die onregverdige onderwysstelsel stop totdat dit geskrap is nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2]*
- Ongewapende studente is tydens betogings beseer en gedood
- COSAS is verbied
- COSAS-lede is tronk toe gestuur sonder enige formele verhore
- Dit het onwettig geword om klasboikotte te propageer
- Die polisie en weermag is meer mag gegee om enigiemand in hegtenis te neem wat geglo 'n bedreiging vir die staat is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) is in Junie 1979 gestig (Bron 1A)
- Lig sy lede oor die geskiedenis en stryd van die onderdruktes in (Bron 1A)
- Die doel van die COSAS was om studente en die gemeenskap bewus te maak van die onderdrukkende aard van onderwys in Suid-Afrika (Bron 1A)
- COSAS het alliansies met die UDF en werkers gevorm (Eie kennis)
- COSAS het 'n verskeidenheid weerstandstaktieke uitgevoer soos boikotte, stakings, onderhandel en eise gestel (Bron 1B)
- COSAS het verskillende veldtogte geloods om apartheid te weerstaan (Bron 1B)
- Dit het Suid-Afrika onregeerbaar gemaak (Bron 1B)
- COSAS het begin met skoolboikotte teen die Bantoe-onderwysstelsel (Bron 1B en Bron 1D)
- COSAS het belowe om nie die stryd op te gee totdat die apartheidstelsel vernietig is nie (Bron 1B)
- COSAS het werkers- en gemeenskapweerstandaktiwiteite ondersteun (Bron 1B en Bron 1C)
- Studente was bereid om ter wille van vryheid te sterf en in die tronk gestop te word (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe COSAS die apartheidsregering in die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon gedeeltelike begrip oor hoe COSAS die apartheidsregering in die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv., **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe COSAS die apartheidsregering in die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDE VAN DIE GUGULETHU SEWE GEHANTEER?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- "n Handgranaataanval op veiligheidsmagte in Augustus wat ongevalle veroorsaak het' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Gladstone Moss'
- 'Eric 'Shakes' Maluleke'
- 'Xola Frank 'Jimmy' Mbane (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Vlakplaas was die regering se moordbende
- Hulle wou van staatsvyande ontslae raak
- Hulle was 'n bedreiging vir die staat
- Die aktiviste is as terroriste beskou wat die regering wou omverwerp
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2A – L1]*

- 'n Voormalige guerrilla wat in 'n polisiespioen verander het
- 'n Voormalige politieke aktivis wat deur sekuriteitsmagte gewerf is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die taktiek wat deur die veiligheidspolisie gebruik is
- Die polisie het brutale metodes gebruik om staatsvyande uit te skakel
- Hulle is as terroriste gesien
- 'n Groot aantal moorde het gedurende hierdie tydperk plaasgevind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Thapelo Mbelo'
- 'Rian Bellingan' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Dit sou maklik gewees het, want die askaris wat die groep geïnfiltreer het, kon die polisie wys waar om hulle te kry' (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B –V2]*

- Mbelo het voor die WVK verskyn en sy rol in die moorde op die Gugulethu Sewe erken
- Hy het volle openbaarmaking gemaak
- Hy het die ouers om verskoning gevra
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.2.4 *[Bepaal die betroubaarheid van bewyse uit Bron 2B – V3]*
**Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**
- Dit is ŉ primêre bron, ŉ uittreksel oor getuienis van Mbelo en Rian Bellingan wat lede van die veiligheidspolisie was wat die Gugulethu Sewe vermoor het
- Beide was direk verantwoordelik vir die moorde
- Die bron kan geverifieer word met inligting in Bron 2A oor hul betrokkenheid by die moorde
- Die datum van die bron 18 November 1997 stem ooreen met die tydraamwerk van die WVK-verhore.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die WVK was die lig om die verborge waarheid oor die moorde wat tydens die apartheidsera plaasgevind het, te openbaar
- Die WVK was suksesvol om die waarheid te openbaar en versoening tussen die slagoffers en oortreders teweeg te bring
- Die WVK het ŉ platform geskep vir oortreders om die waarheid oor hul wandade te onthul
- Dit wys ook dat nie almal nie bereid was om voor die WVK te verskyn nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Aartsbiskop Desmond Tutu' (1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en 2C om ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Bron 2B meld dat die oortreders Mbelo en Bellingan voor die WVK verskyn om volle openbaring te gee oor hul betrokkenheid by die moorde op die Gugulethu Sewe en Bron 2C toon dat die WVK suksesvol was om die oortreders op te spoor en die waarheid te onthul
- Bron 2B meld dat die Gugulethu Sewe doodgeskiet is en Bron 2C wys dat slagoffers vermoor is
- Beide bronne onthul dat die hoofdoel van die WVK was om die waarheid oor wandade te onthul
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Christopher 'Rasta' Piet'
- 'Zabonke John Konile' (2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Sy het bedoel sy wou nie wraak neem nie
- Sy was gereed om die oortreders te vergewe sodat hulle weer ŉ normale lewe kan lei
- Sy het herstellende geregtigheid ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.5.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V2]*
- Die toestaan van amptelike kwytskelding vir mense wat politiese gemotiveerde misdade gepleeg het
- Die toestaan van amptelike kwytskelding aan oortreders wat volle openbaring van gruweldade maak wat hulle vir politieke redes gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Die WVK is gestig om ernstige menseregteskendings te ondersoek wat onder apartheid van 1960 tot 1994 gepleeg is (Eie kennis)
- Die veiligheidspolisie het Vlakplaas gebruik om politieke aktiviste dood te maak (Bron 2A)
- Die WVK het openbare verhore gehou waar die oortreders ŉ kans gehad het om hul stories te vertel (Bron 2B en Bron 2C)
- Thapelo Mbele en Rian Bellingan het voor die WVK verskyn om getuienis oor die moord op die Gugulethu Sewe te lewer (Bron 2B)
- Die WVK het ŉ platform geskep waar oortreders die waarheid oor hul misdade kon onthul (Bron 2B en Bron 2C)
- Die WVK-voorsitter was aartsbiskop Desmond Tutu wat die leiding geneem het om die waarheid te onthul (Bron 2C)
- Mev. Nomvewu Ngewu en mev. Konile het ŉ kans gekry om hul stories te vertel (Bron 2D)
- Die WVK het aan Rian Bellingan, Thapelo Mbelo en Xola Jimmy Mbane amnestie toegestaan (Bron 2D)
- Mev. Ngewu het vergifnis uitgespreek vir die moord op haar seun (Bron 2D)
- Die slagoffers het afsluiting gevind (Bron 2D)
- Die oortreders is deur familielede vergewe (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) die moorde van die Gugulethu Sewe gehanteer het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) die moorde van die Gugulethu Sewe gehanteer het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) die moorde van die Gugulethu Sewe gehanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE EKONOMIE VAN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?

3.1 3.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik word en dat mense oor die hele wêreld meer aan mekaar verbind is
- Globalisering verwys na 'n verbintenis tussen verskillende ekonomiese, politieke, tegnologiese en kulturele sfere.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Dit is as gevolg van vinnige vooruitgang in kommunikasie
- Vinnige vooruitgang in vervoer (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Besighede is voorsien van 'n mededingende voordeel om grondstowwe te koop waar dit goedkoop is'
- 'Hulle het geleenthede gekry om voordeel te trek uit laer arbeidskoste in ontwikkelende lande'
- 'Verskillende dele van 'n produk kan in verskillende streke van die wêreld gemaak word' (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Werkers in Bangladesj is lae lone betaal
- Mense in Bangladesj leef in armoede
- Die lewenstandaard is hoër in die VSA as in Bangladesj
- Dit beklemtoon die uitdagings wat mense in ontwikkelende lande in die gesig staar
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Werkersregte is nie deur Wêreldhandelorganisasie beskerm nie
- Hul werk is nie beskerm nie, en dit was 'n manier om hul werk te verseker
- Hulle het salarisse gekry wat nie ordentlik was nie
- Hulle is deur hul werkgewers uitgebuit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'Hulle was goed opgevoed en ingelig'
- 'Verskeie werkswinkels en seminare oor 'n verskeidenheid nasionale en internasionale kwessies gehou'
- 'Hulle het hul huiswerk gedoen' (Enige 2 x 1) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Die produksie van geneties gemanipuleerde voedsel'
- 'Hongerloonfabrieke in Indonesië, Pakistan, Mexiko en die Filippyne'
- 'Die afkap van woude'
- 'dierebeskermingswette'
- 'Beeshormone'
- 'vergiftigde lug, water en grond'
- 'Verlies van Amerikaanse werkers se werk aan oorsese markte' (Enige 2 x 1) (2)

3.2.4 *[Bepaling van beperking van Bron 3C – V3]*
- Bevooroordeeld – eensydige siening van betogers
- Dit beklemtoon slegs die negatiewe aspekte van die WHO
- Dit dui nie daarop dat die WHO deur die vermindering van die pryse van voltooide goedere en dienste uiteindelik tot 'n laer lewenskoste gelei het nie
- Dit het ook vryer handel verseker wat ook die lewenskoste verlaag het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Dit toon die uitbuiting van ontwikkelende lande deur lae lone aan hulle te betaal
- Ontwikkelende lande (arm vrou) maak skoene, maar mense daar is steeds arm (geen skoene nie)
- Globalisering het tot uitbuiting van die ontwikkelende lande gelei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Geen Werk' (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Om op goedkoop arbeidskoste te kapitaliseer'
- 'Om nader aan hul markte te wees' (2 x 1) (2)

3.4.2 *[Verduideliking van konsep uit Bron 3D – V2]*
- Is groot maatskappye wat ander takke in verskillende lande regoor die wêreld geopen het
- Groot beleggings word in die buiteland gemaak
- Groot winste word deur hierdie maatskappye gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die regte van gewone mense is deur hierdie multi-nasionale maatskappye geïgnoreer
- Hulle is uitgebuit deur lae lone te kry wat tot onvermoë gelei het om basiese lewenstandaard vir hul gesinne te voorsien
- Die pryse vir hul produkte het drasties gedaal
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Hulle kon meer en beter markte bereik
- Groot winste gemaak deur goedkoop arbeid te gebruik
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3C en 3D – V3]*
- Bron 3C toon dat arm lande 'n mark vir goedkoop arbeid was, en Bron 3D dui aan dat multi-nasionale ondernemings globalisering gebruik het om op goedkoop arbeidskoste te kapitaliseer
- Bron 3C wys die vroue is oormoeg en Bron 3D dui aan dat MNK hul winste eerste stel voor die regte van werkers
- Beide bronne dui daarop dat beleggings na ontwikkelende lande gebring word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Globalisering stel besighede in staat om geleenthede vir belegging te identifiseer (Bron 3A)
- Organisasies trek voordeel uit laer arbeidskoste in ontwikkelende lande (Bron 3A)
- Die omgewing is negatief beïnvloed (Bron 3B)
- Werksgeleenthede word in ontwikkelende lande as gevolg van globalisering geskep (Bron 3C)
- Dit beïnvloed die ontwikkelende lande negatief deur gewone mense uit te buit – lae lone, baie werk (Bron 3C)
- Multinasionale maatskappye stel wins voor werkersregte (Bron 3C en Bron 3D)
- Die gaping tussen die rykes en die armes het toegeneem (Bron 3D)
- Reëls vir internasionale handel het die ontwikkelde lande bevoordeel (Bron 3D)
- Globalisering het die ontwikkelende lande gedwing om geld te leen by IMF en Monetêre Fonds (Eie kennis)
- Ontwikkelende lande het groot rente op lenings betaal wat hulle armer gemaak het (Eie kennis)
- Ontwikkelende lande het nie toegang tot nasionale en internasionale markte nie (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970s TOT 1980s: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie met die stelling saamstem nie. Kandidate moet verduidelik of dit deur die invloed van die Swartbewussynsbeweging was dat Swart Suid-Afrikaners in die 1970's teen die apartheidsregering kon opstaan.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie – saamstem dat dit deur die invloed van die Swart Bewussynsbeweging was dat swart Suid-Afrikaners in die 1970's teen die apartheidsregering kon opstaan.

As hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**UITBREIDING**
- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SBB) (Agtergrond)

**Filosofie van Swartbewussyn (SB)**
- Swartes met 'n gevoel van trots toegedien
- Boesem swartes met selfvertroue en selfstandigheid in om die apartheidstaat uit te daag
- Swartes beïnvloed om hulself te aanvaar
- Swartes bemagtig om die gees van selfbejammering, minderwaardigheidskompleks, self-vervreemding en oorheersing deur eksterne kragte te verwerp
- Verwerping van wit oorheersing in hul organisasies
- Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO gestig (1968) (Beinvloed deur SBB)
- Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Invloed van SBB)
- Biko het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hulself te laat geld en dinge vir te doen hulself
- SASO het BC-idees oor die kampusse van die etnies geskeide universiteite versprei
- Studente aangemoedig om hulself van apartheid te bevry
- Biko het selfbevryding bevorder
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak en dan vir hul regte veg
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer om die SB-idees te versprei
- Selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe gestig met ander SB-leiers (invloed en selfstandigheid)


Hosted by www.ecexams.co.za.

**Swart Bewussyn word ’n nasionale beweging**

- In 1972 is die Black People’s Convention gevorm
- Gemik daarop om swartmense van beide sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring bv. Zanempilo-kliniek by Ginsburg, Zimele-trustfonds, Njwaxa-leerwerke (invloed en selfstandigheid)
- Invloed op werkers het gelei tot die stigting van vakbonde BAWU (Black Allied Workers Union) – (invloed en selfstandigheid)
- Stakings in Durban in 1973 (Werkers staan op teen apartheid)
- Suid-Afrikaanse Studentebeweging het in 1972 gestig wat Swartes blootgestel het aan die ideale van SB (SBB-invloed op die jeug)
- BPC en SASO het FRELIMO-saamtrekke (1974) georganiseer (jeugbetrokkenheid)
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
- Studente se selfvertroue is versterk en gereed om die apartheidstaat uit te daag
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975)
- SASO en SASB het die stigting van die Soweto-Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) beïnvloed
- Swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
- Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur SASO (studente-onderwysers van universiteite) blootgestel
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) het die Soweto-opstand laat gebeur
- Studente het op 16 Junie 1976 vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
- Polisiereaksie op studentebetogings het tot die dood van Hector Petersen, ’n 13-jarige seun en andere gelei
- Baie mense het die land verlaat en in ballingskap gegaan
- Swartes beïnvloed om hul eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
- Biko is in 1977 wreedaardig deur die veiligheidspolisie vermoor
- Nalatenskap van Biko
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek dat toegewydheid en vasberadenheid van verskeie politieke leiers en partye uiteindelik gelei het tot die beëindiging van apartheid en die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle opstel insluit.

- Inleiding: Kandidate moet ’n standpunt inneem oor of toegewydheid en vasberadenheid van verskeie politieke leiers en partye uiteindelik het tot die beëindiging van apartheid en die vestiging van ’n demokratiese Suid-Afrika gelei.

**UITBREIDING**

- FW de Klerk het PW Botha in 1989 vervang
- De Klerk se toespraak in parlement op 2 Februarie 1990
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbode politieke leiers in 1990 (Toegewydheid en vasberadenheid deur De Klerk)
- Ontbanning van die ANC, die PAC en die SAKP en ander verbanne partye
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – beide politieke partye het hulle daartoe verbind om geweld te beëindig en te onderhandel (vasberadenheid van die ANC en NP)
- Geweld in die Vaaldriehoek (Rol van verskeie politieke partye)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – ANC het gewapende stryd gestaak en die NP het die noodtoestand opgehef (vasberadenheid deur ANC en NP)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms onderteken deur 27 politieke partye – het ’n veiligheidsnet vir onderhandelinge gebied
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe vir KP en PAC (vasberadenheid)
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om ’n nuwe grondwet op te stel en tussentydse regering (Toegewydheid en vasberadenheid deur partye)
- Slegs blankes referendum (vasberadenheid deur De Klerk)
- De Klerk het wit mening getoets nadat hy drie tussenverkiesings aan CP verloor het
- Resultaat – oorwegend Ja vir onderhandelinge om voort te gaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie gehou nie weens geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom
- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992)
- Bisho-slagting (September 1992) – ANC-ondersteuners wie deel wou wees van die onderhandelingsproses
- ANC het ’n beroep op rollende massa-aksie teen die Nasionale Party gedoen
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa verbind hulself tot vrede en tot onderhandelinge (Toegewydheid en vasberadenheid)



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Joe Slovo se Sunset-klousule (vasberadenheid)
- Partye wat meer as 5% van stemme wen, sal ’n regering van nasionale eenheid vorm om die nuwe SA regeer
- Blankes kan hul werk vir 5 jaar behou
- Veelparty-onderhandelinge by die Wêreldhandelsentrum hervat (toegewydheid en vasberadenheid deur politieke partye) maar het nie gehou nie
- Die AWB het die onderhandelinge op 15 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met ’n gepantserde voertuig bestorm met die hoop om onderhandelinge te stop
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janusz Waluś
- Mandela spreek nasie toe op TV (vasberadenheid deur Mandela)
- St. James-slagting (25 Julie 1993)
- Heidelberg taverne-skietery (30 Desember 1993)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27April 1994)
- Voortgesette geweld regdeur verkiesings
- ’n Motorbom buite die ANC hoofkantore
- ’n Motorbom het by die Jan Smuts-lughawe ontplof
- Uitslae van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IVP 10,5% (vasberadenheid deur politieke partye)
- Mandela het die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika geword met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die ineenstorting van kommunisme beide die ANC en NP gehelp het om te besef dat die enigste oplossing in Suid-Afrika, was om te onderhandel.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem tot watter mate die ineenstorting van kommunisme beide die ANC en NP gehelp om te besef dat die enigste oplossing in Suid-Afrika was om te onderhandel.

**UITBREIDING**
- Die Sowjetunie het ekonomiese ontberinge gehad (agtergrondinligting)
- Die Sowjetunie was by die Afghanistan Oorlog en Koue Oorlog betrokke
- Die Sowjette het baie geld aan kernwapens bestee
- Gorbatsjof het in 1985 die leierskap van die Sowjetunie oorgeneem
- Om die ekonomie te laat herleef, het Gorbatsjof perestroika en glasnost ingestel
- Perestroika beteken die herstrukturering van die ekonomie
- Perestroika het kleinskaalse private eienaarskap toegelaat en het die regering se beheer oor produksie verwyder
- Glasnost beteken openheid en het mense toegelaat om die regering te kritiseer
- Beide beleide het Gorbatsjof nie die verwagte uitkomste gegee nie
- Perestroika en glasnost het gelei tot die ineenstorting van die Sowjetunie omdat mense demokrasie geëis het
- Dit het tot die einde van kommunisme en die einde van die Koue Oorlog gelei
- Die Sowjetunie word nie meer as 'n supermoondheid beskou nie
- Kommunisme was nie meer as 'n 'globale bedreiging' gesien nie
- Ineenstorting van die Berlynse-muur – 1989 het die einde van Koue Oorlog aangedui
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheid te ondersteun nie
- Die Weste plaas nou druk op die NP om met die ANC te onderhandel of sou voortgesette sanksies in die gesig staar aangesien Suid-Afrika van geen nut meer was nie
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om te onderhandel
- Beide partye het geen ander keuse gehad as om met onderhandelinge te begin nie
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Cuanavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika te begin onderhandel



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Suid-Afrika het aan Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en het dit na Namibië herdoop
- Hierdie vreedsame oorgang van wit minderheidsregering na swart meerderheidsregering in Namibië het as ŉ bloudruk gedien vir SA om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie wit oppergesag regering onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat as apartheid voortduur die ontwikkeling van die 'wit' ekonomie sou daaronder ly
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van ŉ sterk swart middelklas wat as ŉ 'bolwerk teen rewolusie' sou optree
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om die Westerse steun te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer staatmaak op Westerse steun vir sy 'anti-kommunistiese' houding nie – wêreldpolitiek het verander en dit het ŉ impak op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van rasseskeiding te regverdig nie
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen ŉ kommunistiese aanslag beskerm het onrealisties geword
- De Klerk het gedink die ANC sou swak wees en het sy bereidwilligheid daarvoor gewys om met die ANC te onderhandel
- Die Sowjetunie kon nie meer die ANC finansieel ondersteun nie aangesien dit bankrot was
- Die Sowjetunie sal nie meer die ANC met wapens ondersteun nie aangesien dit ten gunste van vreedsame onderhandelinge was
- Die ANC kon nie sonder die Sowjet militêre en finansiële ondersteuning met die gewapende stryd teen die NP voortgaan nie
- Die ANC het nou ook bereidwilligheid getoon om met NP te onderhandel as ŉ alternatief vir die gewapende stryd
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ŉ sameswering gerig vanaf Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om ŉ blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg vir veelpartygesprekke gebaan
- Hierdie samesprekings het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.